**Dinsdag 7 Augustus**

| Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-15 | Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:1, 2 |
|---|---|

# Bid vir vrede

Is jy onrustig oor sekere dinge in jou persoonlike lewe, maar ook oor gebeure in ons land? Stem die dinge wat van tyd tot tyd in ons buurlande gebeur, jou ook onrustig? Wat moet jy doen?

Bid! Hoe? Bid met smeking, voorbidding en danksegging. Smeek die Here om uitkoms. Bid vir bepaalde situasies en mense, en dank die Here dan vir die uitkoms wat Hy gee. Vir wie moet jy bid? Bid vir alle mense: jouself, die regering, jou onderwysers … vir almal. Ja, bid selfs vir die vyand.

Hoekom moet jy bid? Sodat jy ’n rustige en stil lewe kan lei en jou in jou diens aan God kan verdiep. Verder moet jy bid dat jy jou plig in jou gemeente kan nakom. In die onrustig-heid van die wêreld moet jy rus en kalmte in jou godsdiens kry en dit in jou gemeente en daaglikse lewe uitleef. Bid vir vrede – dié vrede wat alle verstand te bowe gaan en tot gevolg het dat jy selfs in die grootste beproewing kan voortgaan; dat jy selfs in die swartse nag op God kan bly wag. Jy weet dat God daar is, dat Hy help selfs wanneer die storm op sy hewigste is.

Die apostel Jakobus leer jou dat ’n gelowige se gebed ’n kragtige werking het. In on--rustige tye in jou lewe moet jy op jou knieë wees!

Glo en bid en jy sal God se vrede in jou lewe ervaar.

*Sing: Psalm 16-1:1, 5*

*Dagstukkie Almanak 2001*